SAKE 24 (Beeld Naweek)
03 Sep 2011, p.18

Hou op rook en hoes minder vir jou lewensversekering

Letitia Watson, Kaapstad

Waar daar 'n rokie trek, is daar 'n premieverhoging.

Rokers betaal nie net die prys van hul gewoonte met hul gesondheid nie, maar ook as hulle lewensversekering uitneem.

As jy egter lankal opgehou rook het en jou versekeringspremie is nie aangepas nie, is dit baie moontlik dat jy elke maand te veel betaal.

'n Lewensversekeringspremie word op verskeie faktore gegrond, waaronder ouderdom, leefstyl, geslag en gesondheid. Selfs jou gewig en lengte kan 'n rol speel.

"Rokers het 'n laer lewensverwagting en is 'n groter risiko vir lewensversekeringsmaatskappye – daarom betaal hulle meer as nie-rokers," sê mnr. Gavin Came, voorsitter van die finansiëlebeplanningskomitee van die vereniging van finansiële tussengangers van Suider-Afrika (FIA).

"Die premie van 'n roker hang ook af van hoeveel sigarette hy per dag rook. 'n Roker kan tussen 25% en 120% meer betaal vir lewensversekering as 'n nie-roker," sê hy.



As jy opgehou rook het en nie jou versekeringspremie aangepas het nie, betaal jy waarskynlik te veel.
Foto: PHOTODISC

> "Die premie van 'n roker hang ook af van hoeveel sigarette hy per dag rook. 'n Roker kan tussen 25% en 120% meer betaal vir lewensversekering as 'n nie-roker.

As jy opgehou het

Lewensversekeringsmaatskappye is bereid om jou premies te verlaag as jy nie meer rook nie. Maatskappye se vereistes verskil egter – party sal jou premie aanpas ná 12 rookvrye maande en ander eers ná 24 maande.

Wat jy moet doen

Jy sal eers 'n gesondheidsverklaring moet aflê dat jy minstens 12 maande lank nie meer rook nie. Jy sal jy ook 'n kotinien-bloedtoets moet ondergaan wat die nikotienvlakke in jou liggaam sal bepaal. Dit sal bewys dat jy inderdaad opgehou rook het. Eers daarna kan jou premie aangepas word, sê mnr. Petrie Marx, produk-aktuaris vir risikodekking by Sanlam.

Met hoeveel kan die premie verlaag word?

Indien die kotinien-toets negatief is en jou premie gevolglik aangepas kan word, sal dit ook van jou ouderdom afhang. Hoe ouer jy is, hoe groter is die verskil in jou premie.

Marx verduidelik dat dit kan wissel tussen 30% vir jonger ouderdomsgroepe en 50% vir hoër ouderdomsgroepe.

"As jy as jong mens die polis uitgeneem het en dit gereeld met lewensveranderinge oor 'n lang tydperk aangepas het, kan die verskil in premie heelwat kleiner wees." Jou finansiële adviseur behoort vir jou presies te kan sê wat jou maandelikse besparing sal wees.

Came beveel aan dat polishouers ook in die geheel kyk na hul lewensomstandighede en watter leefstylveranderinge plaasgevind het.

Selfs gereelde oefening kan 'n positiewe uitwerking hê – nie net op jou gewig nie, maar ook op die koste van jou finansiëledienste-produkte.

"Mense wat doelbewus kies om gesonder te leef moet ook met hul adviseur gesels oor hoe dit hulle finansieel kan bevoordeel.

" 'n Swaar drinker betaal byvoorbeeld hoër premies weens die gesondheidsrisiko's wat daaraan verbonde is, maar as hy vir 'n volgehoue tydperk nie alkohol drink nie, kan die ladings en uitsluitings op die polis hersien word."

Voorbeelde van premies vir mans wat rook en nie rook nie

Ouderdom	Roker per maand	Nie-roker per maand
25	R223,10	R156,98
35	R325,08	R186,52
45	R678,46	R346,07
55	R1 436,41	R723,75

(Dit is 'n maandelikse premie vir lewensdekking van R1 miljoen vir vier verskillende ouderdomsgroepe.)

Moenie lieg nie

As die lewensversekeringsmaatskappy uitvind of kan bewys dat jy vals inligting verskaf het – selfs oor die aantal sigarette wat jy moontlik per dag rook – is dit moontlik dat jou eis net gedeeltelik uitbetaal of heeltemal afgewys sal word.

Dit geld enige risiko, of dit nou met jou gesondheid of met jou leefstyl verband hou.

As jy dus weer begin rook, sal jou versekeraar wel daarvan moet weet.

Moet dit nie skelm doen nie!